Totius-Akademie

Onafhanklike skool vir Christelike onderwys van hoë gehalte

Hoek van Molen- en Esselenstraat, Potchefstroom ☎ (018) 294 4800

Posbus 19949, Noordbrug, 2522 **Hoof**: Dr MM Pelser-van der Merwe

AANSOEK om toelating vir 2019

- *Hierdie aansoek om toelating word **eenmalig** ingevul en is ’n belangrike dokument in die keuringsproses van nuwe leerders.*
- *Vir elke leerder wat aansoek doen, moet ’n aparte vorm ingevul word. Waar ouers se besonderhede in ’n tweede of derde vorm gevra word, kan na die eerste vorm verwys word om herhaalde invul van besonderhede uit te skakel.*
- *Die vorm "AANMELDING met die oog op toelating" het sekere besonderhede gevra, wat weer in hierdie vorm gevra word. Ons vra dat u dit weer invul. Nie alle persone wat aanmeld, doen aansoek om toelating nie. Die teenoorgestelde vind ook soms plaas: Soms word direk aansoek gedoen sonder om eers apart aan te meld.*
- *Leerders wat gekeur is, moet ingeskryf word deur vorm "REGISTRASIE van leerder" in te vul. Die registrasievorm is ’n kontrak tussen die ouers en die skool en vorm die basis vir die verhouding tussen die eienaar van die skool en die ouers. Hierdie kontrak word **jaarliks** hernu en moet dus jaarliks ingevul en geteken word voordat die leerder onderrig kan ontvang.*

1 Besonderhede van leerder

Van *(familienaam)*: ..... **Noemnaam**: .....

Volle name: ..... **Identiteitsnommer**: .....

Huidige graad: ..... **Huistaal**: .....

Posisie in gesin:[1] .....

Vorige skool/-skole:[2]

Datums		Skool
Vanaf	Tot	

[1] Meld hoeveelste van hoeveel kinders (bv. 2e van 3 kinders); meld ook as daar ander kinders (stiefbroers/-susters) in hersaamgestelde gesin is.

[2] Graad 1-aansoek: Noem kleuterskole en speelgroepies indien van toepassing. In geval van tuisskoling, gee besonderhede oor leerplanne wat gevolg is.

Hoe ervaar die leerder tans die skool?[3] .....

.....

Wat is na u oordeel die leerder se vermoë?[4] .....

Hoe sal die leerder daaroor voel as hy/sy van skool verwissel en na 'n relatief klein skool toe gaan?[5]

.....

.....

Besondere belangstellings van leerder? Gee besonderhede.[6] .....

.....

.....

Voltooi die volgende kort **vraelys**:

Saak	**Nee**	**Ja**	**Besonderhede indien die antwoord "ja" is[7]**
Het die leerder in die verlede'n **graad** op skool **herhaal**?	☐	☐	
Is die leerder al by 'n skool **geskors** of toegang tot 'n skool geweier?	☐	☐	
Is die leerder se **skoolgeld** by die vorige skool tans volledig betaal?	☐	☐	
Het die leerder in die verlede 'n kursus of werkswinkel vir **buitengewoon-begaafde** leerders bygewoon?	☐	☐	
Het die leerder enige **fisiese gestremdheid**?	☐	☐	
Ontvang die leerder behandeling vir 'n **kroniese mediese toestand**?	☐	☐	
Gebruik die leerder kroniese **medikasie**?	☐	☐	
Ontvang die leerder **remediëring** vir skoolwerk of het hy/sy in die verlede sodanige remediëring ontvang?	☐	☐	
Ontvang die leerder **arbeidsterapie** of het hy/sy in die verlede sodanige terapie ontvang?	☐	☐	
Ontvang die leerder **spraakterapie** of het hy/sy in die verlede sodanige terapie ontvang?	☐	☐	

[3] Slegs leerders wat nog nie op skool is nie. Gelukkig/ongelukkig? Aanpassingsprobleme? Sosiale probleme? Brei uit waar nodig.

[4] Byvoorbeeld: Onder gemiddeld, gemiddeld, bo-gemiddeld, besonder begaafd. Die toelatingskommissie kan vra dat die kind diagnostiese toetse ondergaan (vergelyk die skool se toelatingsbeleid).

[5] Indien van toepassing. Voornemende Graad 1's: Geen antwoord vereis nie.

[6] Bv: Rugby – speel in skool se tweede span; Tennis – ontvang afrigting; Klavier – ontvang les; Gimnastiek – neem deel aan so-en-so klub.

[7] Indien 'n terapeut, dokter of ander professionele persoon betrokke is, meld die naam en telefoonnommer van die persoon.

Besoek die leerder 'n **sielkundige** of het hy/sy in die verlede sodanige besoeke gebring?	☐	☐	
Besoek die leerder 'n **psigiater** of het hy/sy in die verlede sodanige besoeke gebring?	☐	☐	
Ander omstandighede van kind waarvan ons kennis moet dra?[8]	☐	☐	
Wat is die gesin se **kerklike betrokkenheid?**[9]			
Hoe betrokke is die leerder by die kerk se **kategese** en **jeugaktiwiteite**?			
Wat doen die ouer(s) in die huis om die kind van die Here te leer?			

2 Besonderhede van ouers of ander volwassenes[10] in gesin

Man: Van *(indien verskillend van leerder)*: ..... Noemnaam ..... Identiteitsnommer: ..... Verhouding met leerder(s):[11]	Beroep: ..... Werkgewer: ..... Selfoon: ..... E-posadres: .....
Vrou: Van *(indien verskillend van leerder)*: ..... Noemnaam ..... Identiteitsnommer: ..... Verhouding met leerder(s):[12]	Beroep: ..... Werkgewer: ..... Selfoon: ..... E-posadres: .....
Algemeen: Woonadres:[13] .... Hoe lank woon u by bogenoemde adres? ..... Woonadres (2):[14] .... Hoe lank woon u by bogenoemde adres?	Huistelefoon (landlyn): ..... Posadres:: ....

[8] Sake wat nie in die vraelys hierbo na vore gekom het nie, bv. sosiale aanpassingsprobleme, gedragsprobleme, groot emosionele traumas wat kind in verlede gehad het, of trauma met geboorte. Hierdie sake sal nie noodwendig 'n besluit oor die kind se toelating nadelig beïnvloed nie, aangesien ons binne ons vermoë ook kinders met beperkte leer- en aanpassingsprobleme help. Indien u egter belangrike inligting weerhou oor 'n saak wat na toelating blyk 'n groot probleem te wees, kan ons u vra om die kind uit die skool te neem.

[9] Gee besonderhede, waaronder hoe gereeld die gesin eredienste bywoon (tweemaal per Sondag, eenmaal per maand, ensovoort).

[10] "Ander volwassenes" sluit persone in wat nie ouers, voogde of broers/susters van die leerder is nie.

[11] Pa, stiefpa, voog of geen wetlike verbintenis.

[12] Ma, stiefma, voog of geen wetlike verbintenis.

[13] Adres waar die leerder woon. Indiehn die ouers nie by dieselfde adres woon nie, dui aan watter ouer by hierdie adres woon.

[14] Vul in as ouers nie by dieselfde adres woon nie. Dui aan watter ouer by Adres2 woon.

Kerkverband (denominasie) & gemeente: ..... Leraar van gemeente: ..... Aantal jaar lidmate van gemeente: ..... Is beide die ouers/voogde lidmate?[15]	Besondere gesinsomstandighede:[16] ....

3 Motivering

Wat is die vernaamste beweegrede(s) waarom u graag die leerder by Totius-Akademie wil inskryf?

.....

.....

.....

.....

.....

4 Verwysings

Hoe het u van Totius-Akademie te hore gekom? .....

.....

Mag ons met u kerk se leraar skakel vir 'n mondelinge verwysing/aanbeveling? .....

Noem ouers of onderwysers van die skool (huidige of vorige) wat u as verwysing kan opgee en met wie ons kan skakel[17]

.....

.....

Gee nog 'n verwysing (of twee verwysings indien daar geen verwysing by vorige punt was nie) van persone in Potchefstroom van wie die bestuur getuienis kan inwin indien hulle dit nodig ag.[18]

1. .....

2. .....

[15] Gee besonderhede indien die antwoord "nee" is.

[16] Bv. **Enkelouer**: Geskei, plek waar ander ouer van kind(ers) woon; **Hersaamgestelde gesin**: Gee besonderhede, meld ook of die ouer van die kind(ers) weer getroud is of in 'n saambly-verhouding is.

[17] Gee besonderhede indien van toepassing: Naam, van en (indien bekend) telefoonnommer.

[18] Gee besonderhede: Naam, van en telefoonnommer.

5 Algemene agtergrond

Wat is die **ideale** ten opsigte van die leerder sover dit studie of verdere opleiding betref?[19]

Ouer (M)	Ouer (V)	Leerder self	
☐	☐	☐	Tegniese opleiding/vakleerlingskap in: ....
☐	☐	☐	Matriek (Graad 12)
☐	☐	☐	Naskoolse diploma in: ....
☐	☐	☐	Algemene universiteitsgraad in die volgende rigting: ....
☐	☐	☐	Professionele universiteitsgraad vir die volgende beroep: ....
☐	☐	☐	Ander *(gee besonderhede)*: ....

Noem vakke waarin die leerder besondere **belangstelling** toon [20] .....

.....

Noem ander **belangstellings** of **stokperdjies** van die leerder .....

.....

Noem **aktiwiteite** waaraan die leerder tans deelneem of waarin hy/sy graag wil deelneem:[21]

Neem tans deel	Neem nie deel nie, maar wil deelneem	Tipe aktiwiteit	Besonderhede oor aktiwiteit
☐	☐	Individuele sport[22]	.....
☐	☐	Spansport[23]	.....
☐	☐	Skaak	.....
☐	☐	Musieklesse	.....
☐	☐	Kultuur-aktiwiteite[24]	.....
☐	☐	Ander	.....

[19] Meld in elke kolom die eerste keuse, wat tipies die hoogste kwalifikasie sal wees waarvoor gemik word. Indien daar 'n tweede keuse is, merk blokkies met "1" en "2. Indien die leerder nog baie jonk is of nog nie spesifieke ideale het nie, hoef die derde kolom nie gemerk te word nie.

[20] Byvoorbeeld: Tale, natuurwetenskap, wiskunde, lewenswetenskappe. Indien dit nog by voornemende Graad 1's nie duidelik is nie, laat antwoord oop.

[21] Meeste van die aktiwiteite word buite skoolverband deur ouers self gereël.

[22] Sport wat hoofsaaklik individueel beoefen kan word, byvoorbeeld: Swem, gimnastiek, judo, karate, landloop, tennis.

[23] Sport wat net in groepsverband beoefen word, byvoorbeeld: Rugby, hokkie, netbal, krieket.

[24] Byvoorbeeld: Voortrekkers, drama-afrigting, koor.

6 Dokumente

6.1 Dokumente ontvang

Die volgende basisdokumente word aan ouers beskikbaar gestel. Sommige word ook op die webblad geplaas. Merk die dokumente waarvan u kennis geneem het:

	Dokument
☐	Prospektus
☐	Visie, Missie, Waardes en Leuse
☐	"Merktekens van die Christelike Skool"
☐	Toelatingsbeleid
☐	Verduideliking van grondslag
☐	Drie Formuliere van Eenheid (Grondslag van die skool)
☐	.....

6.2 Dokumente gegee

Die volgende ondersteunende dokumente vergesel hierdie aansoek:

☐ Geldige identiteitsbewys van leerder én ouers[25]

☐ Getuigskrif[26]

☐ Skoolrapporte[27]

☐ Diagnostiese toetse[28]

☐ Verslae van vorige evaluerings en terapie[29]

☐ Finansiële bewysstukke[30]

☐ .....[31]

[25] Afskrif van die leerder en ouers se geboortesertifikaat, identiteitskaart of paspoort. Dit is belangrik dat die geboortedatum op die leerder se identiteitsbewys aangetoon word.

[26] Getuigskrif van die leraar van die gemeente in Potchefstroom waar u lidmaat is. In die geval van onlangse verhuising: Die leraar van die gemeente waaruit u vertrek. Dit is belangrik dat gemeld word hoe lank u lidmaat van die gemeente was, u deelname aan die gemeente en die leerder se inskakeling by kategese.

[27] Afskrif van die leerder se skoolrapporte van die afgelope twee jaar. Indien die aansoek vir Graad 1 gedoen word: Alle moontlike verslae van kleuterskool, asook 'n skoolgereedheidsevaluasie deur 'n bevoegde persoon soos 'n opvoedkundige sielkundige.

[28] Die **diagnostiese toetse** geskied ooreenkomstig die skool se toelatingsbeleid en is op die aansoekers (ouers) se eie koste. In die geval van Graad 1-aansoeke word 'n verslag oor **skoolgereedheid** vereis. Verslae word in ag geneem by die besluit om toelating, en kan ook na toelating die onderwysers help om beste in die kind se behoeftes te voorsien.

[29] Afskrifte van verslae van professionele persone wat evaluerings gedoen het of terapie verskaf het, en wat hierbo genoem is.

[30] Bewys dat die ouers/voogde in 'n gesonde finansiële posisie is en in staat is om die skoolgeld te betaal. Voorbeelde: Betaalstate van werkgewer, afgelope twee maande se bankstate. Die toelatingskommissie sal die bewyse vertroulik hanteer en na behandeling van die aansoek vernietig. Alternatiewelik kan die dokumente aan die aansoekers teruggegee word. Indien die aansoeker 'n beurshouer is, dien die finansiële bewysstukke as motivering dat die ouers/voogde nie (volle) skoolgeld kan bekostig nie en daarom vir 'n ondersteuningsbeurs kan aansoek doen.

[31] Enige ander dokumente wat aansoek ondersteun, bv. getuigskrif van vorige skool.

7 Onderneming deur ouers/voogde[32]

- Ek/ons het die toelatingsbeleid van Totius-Akademie gelees en doen binne die gestelde raamwerk aansoek om toelating vir bogemelde leerder.
- Ek/ons het die visie, missie en waardes van Totius-Akademie gelees en vereenselwig my/ons daarmee.
- Ek/ons stem in dat die bogemelde leerder onderrig ontvang ooreenkomstig die reformatoriese grondslag van Totius-Akademie.
- Ek/ons is bewus dat die volgende gelde vir 2019 betaalbaar is en verbind my/ons daartoe om dit te betaal indien die leerder toegelaat word:[33]

Registrasiefooi	Betaalbaar op eerste skooldag	R600
Skoolgeld[34]	Betaalbaar in gelyke paaiemente maandeliks vooruitbetaalbaar: Voor sewende van maand van Januarie tot Oktober	R26 000

- Ek/ons betaal hiermee die **aansoekfooi** van **R150**.[35]

GETEKEN:

MAN: ..... Datum: ……...

Naam en van in drukskrif: .....

VROU: ..... Datum: ……...

Naam en van in drukskrif: .....

Ons waardeer u belangstelling in Totius-Akademie!

[32] By inskrywing word hierdie en verwante sake kontraktueel bevestig.

[33] Die finale bedrag moet nog goedgekeur word, maar dit sal nie veel van genoemde bedrag afwyk nie.

[34] Korting vir tweede leerder in 'n gesin: 30%. Korting vir derde leerder in 'n gesin: 50%. Skoolgeld sluit nie fooie in vir nasorg (naskool) wat die skool moontlik kan aanbied nie. Nasorgfooie word apart gehef.

[35] Nie terugbetaalbaar nie.

8 Ontmoetings

Gewoonlik ontmoet die toelatingskommissie die ouers/voogde en leerders in verband met die aansoek. Die ontmoeting(s) kan plaasvind voor en/of nadat die aansoekvorm en ondersteunende dokumente ontvang is. ***Die toelatingskommissie vul hierdie punt in.***

Datum	**Ouer/voog/leerder**[36]	**Toelatingskommissie**[37]	**Besluite**[38]

9 Besluit

Besluit van toelatingskommissie:[39] .....

Datum van brief aan aansoekers: .....

Datum van verslag aan Beheerliggaam: .....

GETEKEN:

Voorsitter van toelatingskommissie: ……..... Datum: ……..

[36] Dui aan wie teenwoordig was.

[37] Dui aan wie teenwoordig was.

[38] Sake waarop ooreengekom is tydens die onderskeie gesprekke.

[39] Indien besluit word op "Voorwaardelike toelating" moet die voorwaardes en/of proeftydperk duidelik uiteengesit word. Dit moet ook uitdruklik per brief aan die aansoekers meegedeel word.